# Dienelkander

**Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos**

**WhatsApp:** 067 713 2332 **Webblad:** www.oosdoppers.co.za
**Facebook:** www.facebook.com/oosdoppers **Erediens videobank:** http://ow.ly/ivfZ309vsdc
**Intydse erediensuitsendings op YouTube by:** Oos-Doppers Potch

## 1 Oktober 2023

**09:30 OGGENDEREDIENS:**
**Ds. Piet Venter**

Ons as gemeente was die afgelope tyd deur God in ons geloof oorlaai met baie seëninge en voorregte! Ons kon ‘n ryke reeks Woordverkondiging oor die vrug van die Gees se werk in ons lewe ervaar en hoor hoe God kragtig baie vrug in ons lewe bewerk. Ons kon Nagmaal gebruik waar die Here ons in die geloof versterk en bemoedig het.

Die woorde van die Here aan die volk Israel in Hosea 10: 1 is dus nou ook ‘n tydige vermaning vir ons ore bedoel:
**“Israel was ‘n welige wingerdstok. Sy vrugte was geil. Hoe meer vrugte hy gedra het, hoe beter is daar vir die altare gesorg. Hoe beter dit met die land gegaan het, hoe mooier is die klippilare gemaak. Hulle is vals wanneer hulle hulle sonde bely……”**.
Die Here het hulle bederf, maar hulle het dit alles net tot hulle eie voordeel geniet en wou nie regtig diensbaar aan die Here wees nie! Daarom roep Hy hulle op tot die harde werk van bekering sodat hulle Hom opreg kan dien!

**Die voorregte van die dorsvloer moet verruil word vir die harde ploegwerk van ‘n nuwe land. Is jy bereid om hierdie harde werk te doen?**

**Tema: Ware geloof vereis die harde werk van bekering sodat jy God opreg kan dien.**

**Lofsang met die oog op die erediens**
Lied 203: 1, 2; Lied 241: 1, 2, 3

**Ontmoetingsdiens**
Intreelied Ps. 67 – 1: 1, 2; Votum; Seën;
Loflied: Ps. 66 – 1: 1, 5;
Geloofsbelydenis: 12 Artikels

**Verootmoedigingsdiens**
Wet: Fokus op die 10 Gebod: HK Sondag 44; Sing: Sb. 9 – 2: 8, 9; Gebed

**Woorddiens**
Skriflesing: Hosea 10;
Teksverse: Hosea 10: 11 – 13;
Woordbediening

**Antwoorddiens**
Sing: Ps. 51 – 2: 1; 4; Gebed; Bevestiging van diaken Nardus van Zyl;

